Elke tree skets 'n
verhaal waar ons was en
waarheen ons mag gaan.
Ons kyk terug en is Dankbaar.
Ons kyk vooruit en is Hoopvol.
Ons kyk boontoe en is Gerus.
Ons gaan op ons knieë en sê:
DANKIE HEER vir alles wat ons
het en die kosbare mense
in ons lewe.



# NG KERK MOSSELBAAI-SUID
## AFKONDIGINGE: 4 JUNIE 2017

*"Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing".*
*(Galasiërs 5:16)*

## PROGRAM VIR VANDAG

**DEUROFFER:** Sinodale offer vir die Kweekskool op Stellenbosch.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Gr R-6 vir Kinderkerk in die saal na die kinderoomblik in die diens. Gr 7-8 ontmoet oom Johan by die saal na die diens. Gr 9 het nie vandag kategese nie — hulle vergader DV eers weer op 11 Junie. Gr 10-11 soos deur ds André en ds Robert gereël.

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in ons midde - mag u verblyf tot seën wees! Die dominee sal u graag na die diens voor die kansel wil ontmoet.

## VOLGENDE SONDAG

**EREDIENS:** Om 09:00 in die kerk (ds Danie) en 09:30 op Vleesbaai (ds Robert).

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Instandhouding.

**KATEGESE/KINDERKERK:** Soos vandag.

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**KLEINGROEPE:** Vergader soos onderling gereël. Nuwelinge kan die kerkkantoor (tel. 6903552) kontak vir meer inligting.



Ds Danie: Maandag 15:00 in Santos 2 sitkamer.
Dinsdag 09:30 in die konsistorie.
Ds André: Dinsdag om 09:30 Bybelstudie in die saal.
Ds Robert: Dinsdag om 09:00 Bybelstudie te 17de Laan pastorie en om 19:00 Tienie Bothastr. Boekleesgroep om 19:00 te 17de Laan 18.

**Maandag:** Gebedsbyeenkoms om 17:15 in die konsistorie. Almal welkom.
**Woensdag:** Santos Haven Biduur om 15:30 by Santos 1 (ds André).
**Donderdag:** Om 06:00 bid die manne saam in die kerksaal (onder verhoog).

***Onthou ons gemeente se webblad is: www.suidkerkmsb.co.za***

## BANKBESONDERHEDE

**Dankoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 058 0031*
**Geloofsoffers:** *Absa Mosselbaai, rek.no. 207 016 7886*

## BELANGRIKE INFO

**DEUROFFER:** Spesiale offer vir Bybelverspreiding was R4 545-60.

**KOSKAS:** Junie is **Streek C** se beurt om bydraes te maak vir die koskas. Droë produkte, groente, blikkies en gevriesde produkte, asook kontantbydraes kan by die kerkkantoor of die dienswerker afgegee word. Navrae Joey (073 2988 142).

**SAAMKUIER NA DIENS:** Lekker koffie en tee word na die diens in die saal bedien. Kom kuier lekker saam en leer mekaar beter ken.

**KRUISPA✞:** Vanaand vir Hoërskooljeug van 18:00—20:00 in die saal. Kom kuier saam en gesels oor dinge wat saak maak.

**GLOBAL DAY OF PRAYER:** Is vanmiddag van 16:00-17:30 by die VGK in Grunterstr, net voor die SPCA/DBV draai regs. Kerkgebou op regterhand.

**OUDIT STATE:** Die geouditeerde state is by die kerkkantoor ter insae vir lidmate wat daarna wil kyk.

**MICHAEL LINDT:** Optrede het R8 071-10 ingesamel.

**DROË VRUGTE TE KOOP**
**VIR MALAWI-UITREIK**

Geskilde perskes: R85 p/kg
R45 p/500g

Ongeskilde perskes: R65 p/kg
R35 p/500g

Pruime: R65 p/kg
R35 p/500g

Rosyne: R50/kg

Pekanneute (nog in dop): R120/kg

As u nie in kantoorure kan koop nie, skakel asb vir ds Robert by 044-6912244.

## VONKELVROUE

### *TOER DEUR TURKYE*

*Donderdag, 22 Junie om 18:30 in Mosselbaai-Suid Kerksaal.*


*'n Toer deur Turkye met dansers en 'n heerlike Turkse ligte ete @ R15. Mans is baie welkom.*



*Kaartjies beskikbaar by kerkkantoor en komitee.*

## HAP-EN-KRAP


Goeie nuus! Ons hou DV op **24 Junie 2017 vanaf 09:00 tot 12:00** 'n heerlike HAP-EN-KRAP in ons kerksaal. Ons benodig bruikbare tweedehandse items en veral ook wintersklere, beddegoed, gordyne en komberse. Breekware en messegoed verkoop baie goed. Ook gereedskap. Maar alles kan help. Ons gaan ook weer heerlike wegneemetes en snoepgoed verkoop. Volgende week meer oor die spyskaart. Merk die datum asseblief en gee deur aan u vriende en werknemers!





## GEBEDSBULLETIN

### *Tema vir Junie: Jeug*



**Hierdie week se LOF:**
* Vir die geseënde Pinkster van die afgelope week.
* Vir daaglikse brood en bewaring van die bose.
* Landswye gebed oor kerkgrense.
* Jongmense wat die Here voluit dien.
* Die vrug van die Hervorming (Reformasie) 500 jaar gelede - Christus alleen (sola Christos) is ons hoop en verlossing.

**Hierdie week se VRA:**
* Bybelverspreiding - hulle druk en versprei die Woord van God en subsidieer dit mbv ons bydraes.
* Kweekskool op Stellenbosch waar jongmense van verskeie kerke as predikante opgelei word.
* Ramadan. Moslems vas vir die 30 dae van Ramadaan vanaf 27 Mei - 25 Junie 2017. Hierdie vastyd vir Moslems, is een van die pilare van Islam en is 'n tyd wanneer Moslems hulle aan Allah onderwerp en na 'n dieper en intiemer verhouding met hom streef.
* Genesing vir ons land - bid dat ons HOOP groter as ons ANGS sal wees.
* Reën.
* Wêreld-gebedsdag vanmiddag, 4 Junie, by VGK.
* Kinders in nood. 3-4 Junie 2017 is Wêreldnaweek van Gebed vir Kinders in Nood.
* Mans - om geestelik verantwoordelikheid te neem vir hulle huise.
* Media. Bid dat leiers in die mediawêreld met hoë morele waardes en integriteit, en vir meer berigte wat harte met hoop sal vul.
* Ons bid vir ons hoërskoolleerders wat hierdie week met eksamen begin.

**PERSOONLIK:** Inwoners van Santos Haven se drie siekeboeë, Kenani, Huis Elsjé, Benevolent Park, Ons Huis, Huis Caro en Ons Rus. Die volgende lidmate herstel na operasies, hospitalisasie, siekte tuis, of beleef ander krisisse:

*Sophie Honiball Vleesbaai, Dreas du Plessis Hoogstr, Elmarie Botma Kameeldoringstr, Billy Alberts Protea Aftreeoord, Ella Lewis Kokerboomstr, Coral Saayman Kenani, Kernie Claassen Hofmeyrstr, Emile Scheepers Hofmeyrstr.*

**STERFTES:** *Pa van Nellis Beyers Milnerstr, Piet Reed (eggenoot van Sarah) Buffelsfontein, Johan Reynierse (eggenoot van Ina) 9de laan, Danie de Jager (eggenoot van Adeline) Santos Haven, Joyce Scholtz Heidevilla (ma van Joy en Hettie).*